

## Sondag 14 Augustus

**Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18**

**Fokusgedeelte: Johannes 1:14-18; HK, Sondag 51:49**

### **In geloofsverbondenheid met Jesus Christus ontvang jy genade op genade!**

Die Johannes-Ewangelie begin met 'n loflied op die Woord wat vlees geword het, Jesus Christus. Sy koms in die vlees is deur Johannes die Doper – as wegbereider – aangekondig. Johannes die Doper was die lamp, nie die Lig nie. Die Woord wat vlees geword het, was die Lig. *In Hom* was lewe en die lewe was die lig (vs 4).

Alleen *in verbondenheid met Jesus Christus* vind jy ware lewe en lig. Om in verbondenheid met die Here Jesus te lewe, beteken jy *ken* Hom (vs 10). Dit is 'n ken van die Here wat uit 'n lewende verhouding met die vleesgeworde Woord groei. Om in verbondenheid met die Here Jesus te lewe, beteken jy *neem Hom aan* (vs 11-12) in geloof.

Van nature wil jy nie, en uit jouself kan jy nie. Elke mens is dood in sonde en ploeter in ellende voort. Juis daarom het die Woord vlees geword en onder ons kom woon (vs 14). Ons sonde moes aan sy menslike liggaam gestraf word, maar omdat Hy ook waarlik God is, kon Hy na die krag van sy Goddelike natuur die toorn van God oor die sonde dra.

Sy opstanding uit die dood is die bewys dat daar versoening gedoen is. Hy vaar op na die hemel in heerlijkheid en stuur sy Gees na ons om ons deur 'n ware geloof aan Jesus te verbind. Só – deur die werking van die Gees – *ken* ek Hom en deur die genadevolle werking van die Heilige Gees kan ek Hom *aanneem*.

Soos wat Johannes gekom het om van die lig te getuig en almal deur hom sou glo (vs 7), word die Woord van God aan jou bedien. Wat doen jy met die Woord wat aan jou bedien word? En: Is jy self ook die lamp wat van die Lig getuig sodat ander deur jou uitdra van die Woord en die werking van die Heilige Gees Christus mag *ken* en Hom mag *aanneem*?

In Jesus ingelyf deur die Heilige Gees ontvang jy die lewe en die lig. Só, in jou geloofsverbondenheid met Jesus Christus, ontvang jy genade op genade. Dank die Here vir hierdie genade!

*Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*